Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

PhD Inligtingtegnologie (12264010)

Minimum duur van studie	2 jaar
Totale krediete	360

Programinligting

Tensy die Dekaan, in oorleg met die voorsitter van die skool, anders besluit, word die PhD-graad toegeken op grond van ’n proefskrif en ’n eksamen oor die proefskrif.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van G Regulasies G.42 en G.54, word geen kandidaat tot die studie vir 'n doktorsgraad toegelaat nie tensy hy of sy in besit van 'n toepaslike magistergraad is.

Navorsing

Tensy die Senaat, op aanbeveling van die betrokke promotor, anders besluit, moet die student voor of gelyktydig met indiening van die proefskrif, ‘n bewys uitgereik deur ‘n geakkrediteerde joernaal dat ‘n artikel ingedien is, by die Hoof: Studenteadministrasie indien. Die artikel wat ingedien is, moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die proefskrif gedoen het en moet deur die promotor goedgekeur wees indien die promotor nie ‘n mede-outeur is nie. Die promotor sal verantwoordelik wees om toe te sien dat dat die artikel deur die proses van hersiening en hervoorlegging geneem word, soos wat vereis mag word. Die toekenning van die graad is onderworpe aan nakoming van die voorwaardes van hierdie regulasie.

Die student moet deur sy of haar werk, proefskrif en eksamen bewys lewer van gevorderde oorspronklike navorsing en/of skeppende werk wat ’n wesenlike en besondere bydrae is tot die kennis van die relevante navorsingsgebied.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Inligtingtegnologie 990 (SIT 990)

Modulekrediete	360.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Informatika
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Let wel: Alle PhD-studente registreer eers vir SIT 990. Sodra 'n studieleier aangewys is vir 'n student, sal die student oorgeplaas word na die ooreenstemmende module om die korrekte departement aan te dui. Informatika-studente sal vir SIT 990 geregistreerd bly.

Proefskrif: Inligtingtegnologie 991 (SIT 991)

Modulekrediete	360.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Let wel: Slegs vir die Departement Inligtingkunde-studente.

Proefskrif: Inligtingtegnologie 992 (SIT 992)

Modulekrediete	360.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Rekenaarwetenskap
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Let wel: Slegs vir die Departement Rekenaarwetenskap-studente.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Inligtingtegnologie 990 (SIT 990)

Modulekrediete	360.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Informatika
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Let wel: Alle PhD-studente registreer eers vir SIT 990. Sodra 'n studieleier aangewys is vir 'n student, sal die student oorgeplaas word na die ooreenstemmende module om die korrekte departement aan te dui. Informatika-studente sal vir SIT 990 geregistreerd bly.

Proefskrif: Inligtingtegnologie 991 (SIT 991)

Modulekrediete	360.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Let wel: Slegs vir die Departement Inligtingkunde-studente.

Proefskrif: Inligtingtegnologie 992 (SIT 992)

Modulekrediete	360.00
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Rekenaarwetenskap
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Let wel: Slegs vir die Departement Rekenaarwetenskap-studente.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.